

Suidwes – Kaap

'n Naweek in Beeld

Silwerstrand 25 – 27 Mei 2012



Vir ons het die week in die reën begin, so lekker nat ou Kaap..... maar kamp gaan ons kamp! Net voor Robertson draai ons regs om by Silwerstrand in te draai. Ons word vriendelik by die hek verwelkom. Eerste indruk van die kampterrein is dat dit baie mooi en netjies is.

Die rivier en berge vang jou oog en gou het ons 'n plekkie reg langs die river gekry. Hier drup dit so bietjie. Janine Theron en haar span begin om worsjorsies te maak. Gerhardus Theron steek 'n stokkie in elke worsie, Neil Halvorsen dip dit in die deegmengsel en Petrus Theron help met die braai. Adel Halvorsen is besig om vir ons lekker muffins te bak.



Gerhardus Theron, Neil Halvorsen
en Janine Theron.



Neil Halvorsen



Petrus Theron en Neil
Halvorsen.



Muffins in die oond.



Worsjorsies

Boekevat is gehou deur Adel Halvorsen en daarna is die worsjorsies en muffins verkoop. Dankie, Carla Smit dat jy ons gehelp het met die geldsake.



Adel Halvorsen lei Vrydagaand
se boekevat.



Die Muffins was 'n
wenner.



Lekker verjaar..



Carla Smit

So word 'n muffin geëet..... Carla Smit jy moet net die muffin eet, nie die papier ook nie.
Die aand word daar lekker saam gekuier en gebraai.

Saterdagoggend is Petrus Theron vroeg terug Kaap toe en bel gou vir Janine om te laat weet hy het veilig gery. Toe sy antwoord is sy dik van die lag. Adel is glo besig om almal wakker te maak met haar lieflike dag liedjie. (prrrrrrrrrrrrrrr its a lovely day today)

Die inbetaling word deur ons kampeiers behartig en almal is aangemoedig om lootjies te koop. Ons ontvang toe ook vraelyste met rympies daarop wat Saterdaggaand ingehandig moet word. Ons het lekker gelag oor van die antwoorde. Die kinders het gaan visvang en fietsry en van die grootmense het die dorp ingevaar en ook die wynplase ondersteun.



Elmarie Steyn bewonder die rivier.



Kobus Oosthuizen, Pieter Henning
en Gerhardus Theron.



Dane le Roux, Henré en
Ané Jordaan.



Ons geniet die natuurskoon wat so volmaak geskape is, iewers hoor ons 'n visarend roep.



Die boekevat is deur Petrus Theron gehou en Gerhardus Theron het die teksvers gelees. Onthou die kruis, koringkorrel en rooiwijn. Dankie vir elkeen se spontane deelname.



Gerhardus Theron

Gelukkige trekking is gewen deur Ohna Oosthuizen. 'n Rugsak met 'n klomp snaakse goed daarin en het sy nie gelag nie. Ai Ohna.....



Ohna Oosthuizen



Die kampvure word aangesteek en ons gesels te lekker. Noord- Boland kamp ook die naweek saam met ons. Julle het so lekker saam met ons ingeskakel, baie dankie.

Jou werklikwaar, Sondag oggend loop ons wekker mos weer rond en die keer loop Petrus ook deur. Ons

hoop by die volgende kamp kan ons die wekker se af knoppie kry. Voorstelle is welkom.



Ons word die oggend begroet met mistigheid wat weer vir ons 'n ander prentjie kom skilder. Die vissermanne probeer weer so vir oulaas 'n vissie vang.

Ons kerkdiens word gelei deur Ds. Koen wat mooi aansluit by Pinkster. 'n Groot dank ook aan hom. Met voorsitterstee word ons alweer bederf met 'n muffin, koekies en melktert.



Almal geniet die koffie en tee



en 'n stukkie melktert.

Toekenings en nuwe lede



Neels en Verna met Ané Jordaan – nuwe lede.



Danny en Theresa le Roux
' 10 streek.



Dennis en Louise Mitchell – 240.



Kampleiers: Neil en Adel Halvorsen.



Carla Smit – 100 streek.



Carla Smit ontvang haar prys vir die vraelys wat sy voltooi het.



Engela McDonald ontvang haar prys vir die vraelys.



Joannine Oosthuizen was die wenner.



Die worsjorsies se worsies het toe mos agter gebly in die Kaap en Adel Halvorsen moes vinnig 'n plan maak. Janine Theron het dit gaan haal by hulle huis. So die Swartplaatjie verdien julle!

Sondag is toe 'n mooi dag, daar word vir oulaas nog 'n vuurtjie gemaak en lekker geëet. So kom nog 'n lekker naweek ook tot 'n einde. Vir Junie is daar nie 'n kamp gereël nie, maar die manne voer iets in die mou. Ons gaan nie vir julle sê waar ons gaan kamp nie, veral nie vir die vrouens nie. Indien julle wil saam kom, kan julle vir Paul Steyn of Petrus Theron laat weet. Weereens dankie vir elkeen se hulp en skenkings om die kamp so lekker te maak.



As die manne so staan en gesels mag mens maar wonder.....



En daar waai tannie Joan Foster vir ons. Totsiens.....

Hier kom 'n ding

Volgende kamp: 20 – 21 Julie Goudini